higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

PATROONKONSTRUKSIE N6

(10010546)

29 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

BENODIGDHEDE: Wit tikpapier

Kandidate mag tekeninstrumente en sakrekenaars gebruik.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 2 bylaes.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PATROONKONSTRUKSIE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A	:	50 PUNTE
AFDELING B	:	150 PUNTE
TOTAL	:	200 PUNTE

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. ALLE ontwerpe moet volgens vyfde skaal gedoen word, tensy anders vermeld.

6. GEEN los dele sal nagesien word nie.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Calico word gebruik om enige basiese blok te maak om te toets vir die passing van 'n blok.

1.2 Die kuns om die basiese blok in enige styl te verander word omspilling (‘pivoting’) genoem.

1.3 Asimmetries verwys daarna dat albei kante van 'n uitrusting dieselfde is.

1.4 Die patroonstuk van 'n baadjie kan gebruik word om die voerings te sny.

1.5 Rygplooitjies is geskik om volheid in te ruim.

1.6 Tussenbelegsel versterk en gee ondersteuning aan die sluiting wat nodig is by knoopsgate.

1.7 Dolman-moue word aaneen met die lyfie gesny.

1.8 Die lengte van die midirok moet altyd bokant die knie wees.

1.9 Voulyne dui die buitekant van die patroon aan waar dit gesny moet word.

1.10 Die blok van 'n eenstukrok is geskik vir die aanpassing van 'n t-hempblok.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Noem DRIE sleutelpunte wat nodig is om 'n patroonstuk te benoem. (3)

2.2 Dui aan hoe om die volgende patroonmerke deur middel van 'n simbool aan te dui:

2.2.1 Rygplooitjies

2.2.2 Verslapping

2.2.3 Plooie

2.2.4 Soomlyne

2.2.5 Kepe

(5 × 2) (10)

2.3 Verduidelik die volgende konstruksieterme kortliks:

2.3.1 Ware skuinste


2.3.2 Draadlyn

2.3.3 Sjaalkraag

(3 × 3) (9)

2.4 Noem die gemaklike mate wat om die pols geneem word. (2)

2.5 Identifiseer en benoem die volgende skets:



(3 × 2) (6)
[30]

VRAAG 3

Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of 'n term langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Dit is die kurwe, buiging om die patroonrante sag en gelyk te maak.

3.2 Die patroonmerk wat gebruik word om die rigting waarin die patroonstukke uitgelê moet word, aan te dui.

3.3 Die voltooide patroon wat al die kenmerke wat met die ontwerp verband hou, bevat.

3.4 Die area op die lyfie waar die armholte geleë is.

3.5 Verwys na die vormgewing by die synate, en die pylnate voor en agter, van 'n uitrusting om dit die figuur te laat pas.

3.6 Om twee lyne ewe ver van mekaar te teken.

3.7 'n Insetsel wat geleidelik toeneem wat in 'n romp geplaas word om uitklokking te verkry.

3.8 Merke wat as riglyn gebruik word om nate te heg.

3.9 Helfte van die borsmate of helfte van die sitvlakmate

3.10 'n Belegsel wat gebruik word om die halslyn en armholte gelyktydig af te rond. (10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. ALLE ontwerpe en manipulasie moet op vyfde skaal gedoen word.

2. Blokke moet op die wit tikpapier gemaak word.
Gebruik 'n swart fynlynpen om duidelike konstruksielyne te maak. MOENIE die blokke uitsny nie. Plak die blok(ke) in die ANTWOORDBOEK.

3. Genoeg basiese blokke word voorsien vir beplanning en manipulasie. Dit is dus nie nodig om enige van die blokke voor die beplanningstadium af te trek nie. Aftrekking vind net na die beplanningstadum plaas.

4. Blokke moet op die wit tikpapier gemaak word.
Gebruik 'n swart fynlynpen om duidelike konstruksielyne te maak. MOENIE die blokke uitsny nie. Plak die blok(ke) in die ANTWOORDBOEK.

5. Manipulasie moet direk in die ANTWOORDBOEk geplak word. Voeg naat- en soomspeling by, indien nodig.

6. GEEN los dele sal nagesien word nie.

7. Slegs die fotokopieë wat met hierdie vraestel voorsien is, mag gebruik word.

8. Nommer al die vrae duidelik en korrek.

9. MOENIE 'n rooi of groen pen gebruik nie.

VRAAG 4: WANVERHOUDINGS EN VERSTELLING


4.1 Noem VYF sleutelprosedures vir verstellings. (5 × 2) (10)

4.2 Noem SES reëls vir patroonverstellings. (6 × 1) (6)

Kopiereg voorbehou

4.3 Identifiseer die volgende wanverhoudings:


4.3.1




4.3.2



4.3.3



4.3.4



(4 × 1) (4)
[20]

VRAAG 5

5.1 Noem VYF belangrike algemene prosedure wat gebruik word om patrone een grootte na bo en een grootte na onder te gradeer. (5 × 2) (10)

5.2 Definieer elk van die volgende graderingsterme:

5.2.1 Kardinale punte

5.2.2 Groottegrafieke

5.2.3 Omvangsgraad

5.2.4 Lengtegraad

5.2.5 Wydtegraad

(5 × 2) (10)

5.3 Noem TWEE voordele van gradering in die vervaardigingsomgewing. (2 × 2) (4)

5.4 Noem grootteprogressie vir vroue per grootte in 'n omvangsmate.

5.4.1 Grootte 14 afwaarts

5.4.2 Grootte 14 opwaarts

(2 × 2) (4)

5.5 Noem die lyn wat aandui waar inkremente om die middel voorste lyfie in gradeerterme loop. (2)


[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6: MANIPULASIE

Stylontleding is die vermoë om na die ontwerp of modetekening van 'n uitrusting te kyk en die nodige verstellings aan die basiese blok te visualiseer om 'n patroon te skep.

Bestudeer die skets van die trourok hier onder en dien die volgende in:



Gebruik BYLAE A (aangeheg) van die DAMES EENSTUKROKBLOK, VOORSTE GROOTTE 38 en dien die volgende manipulasies van die skets volgens vyfde skaal in.

6.1	Beplanningstadium van die voorste rok	(30)
6.2	Beplanningstadium van die mou	(15)
6.3	Beplanningstadium van die skouermantel agter	(14)
6.4	Werkspatroon van die onderste romp	(21)
		[80]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7: ONTWERP

Gebruik BYLAE A (aangeheg) van die DAMES EENSTUKROKBLOK met kontrolepylnaat en ontwerp die Basiese Baadjieblok deur gebruik te maak van die instruksies wat volg:

INSTRUKSIES

Gebruik die rokbloklengte vir die baadjielengte:

Agter en voor

1 Werk op BYLAE B (aangheg).

2 Laat sak die armholte met 2 cm

3 Vergroot wydte van arnsgatposisie 1,2 by soomnaat by middel met 1,2 cm by synaatatsoomlyn, 4 cm.

4 Maak armholtekurwe oor.

5 Trek nuwe synaatlyne.

6 Verminder die wydte van die pylnate by die middel met 6 mm. Teken nuwe pylnaatlyne.

7 Vergroot by middelste voorste soomlyn met 2 cm. Heg aan middelste voorste nekpunt. Dui blokinligting en etiket aan.

Sleeve

1 Werk op BYLAE B (aangeheg).

2 Vermeerder wydte by onderste armsgat en omslagrante 1.2 cm en laat sak armholte met 2 cm, maak die mouskop se kromming oor.


3 Teken nuwe mounaatlyne.
Voeg draadlyne by en benoem die blok.

[20]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200


Kopiereg voorbehou

BYLAE A



Kopiereg voorbehou

BYLAE B



Kopiereg voorbehou